GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2024

**10732**

**EKONOMIE**

**(VRAESTEL 2)**

EKONOMIE: Vraestel 2

10732A

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

**14 bladsye**

X05

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde meer as die vereiste hoeveelheid sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Wanneer een oligopolie reageer op prysverlagings van ander oligopolieë, staan dit bekend as ...

A volmaakte mededinging.
B ŉ winsopslag.
C ŉ prysoorlog.
D ŉ prysuitdaging.

1.1.2 Die koste wat besighede aangaan wanneer daar geen produksie plaasvind nie, word ... -koste genoem.

A vaste
B veranderlike
C eenheids
D marginale

1.1.3 Voorstelle oor strawwe teen besighede wat hulle aan beperkende sakepraktyke skuldig maak, word aan die Mededingings- ... gemaak.

A appèlhof
B kommissie
C raad
D tribunaal

1.1.4 ŉ Markinmenging wat die produksiekoste vir die produsente verlaag, staan bekend as ŉ …

A subsidie.
B beskerming.
C belasting.
D borg.

1.1.5 Die VPIX-indeks is die inflasiekoers wat rentekoerse op ... uitsluit.

A tesourie-effekte
B verbandlenings
C staatseffekte
D munisipaliteitseffekte

1.1.6 ŉ Suid-Afrikaner wat na Frankryk reis om na die Rugbywêreldbeker te kyk, is ŉ voorbeeld van ŉ ... toeris.

A besigheids-
B mediese
C uitgaande
D inkomende

1.1.7 Die konstante afname in die algemene prysvlak word ... genoem.

A hiperinflasie
B rentekoerse
C disinflasie
D deflasie

1.1.8 Die vrystelling van afvalmateriaal in die omgewing staan bekend as …

A agteruitgang.
B besoedeling.
C bewaring.
D volhoubaarheid. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ʼn beskrywing uit KOLOM B wat by ʼn item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Verlies minimalisering | A gemiddelde koste (GK) is groter as die markprys |
| 1.2.2 Ekonomiese verlies | B reisigers wat wil leer oor terreine van groot argeologiese belang |
| 1.2.3 Produk differensiasie | C koste vasgestel of beheer deur die regering |
| 1.2.4 Indeksering | D aanpassing vir die uitwerking van inflasie, lewenskoste of insetpryse oor tyd |
| 1.2.5 Prysplafon | E verskille kan denkbeeldig wees, net die handelsname verskil |
| 1.2.6 Stagflasie | F wanneer GI tussen die afsnypunt en gelykbreekpunt is |
| 1.2.7 Paleo-toerisme | G inflasie word veroorsaak deur ʼn toename in geldvoorraad wat ʼn toename in totale aanbod veroorsaak |
| 1.2.8 Geadministreerde pryse | H die hoogste bedrag waarteen goedere en dienste verkoop kan word |
| | I die kombinasie van hoë verbruikersprysstygings en lae ekonomiese groei |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 ŉ Kromme met ŉ boonste elastiese gedeelte en ŉ onderste onelastiese gedeelte

1.3.2 Die markprys waarteen die hoeveelheid goedere aangebied gelyk is aan die hoeveelheid goedere gevra

1.3.3 Die laagste bedrag van die vergoeding wat van ŉ werkgewer vereis word om werkers te betaal vir die werk wat gedurende ŉ gegewe tydperk verrig is

1.3.4 Toerisme-aktiwiteite wat saam deur die regering en die privaatsektor befonds en bedryf word

1.3.5 ŉ Maatstaf wat die koers van verandering in die verkoopprys van produkte wanneer dit die fabriek verlaat

1.3.6 Betaling gemaak deur die regering aan besighede om aktiwiteite wat negatiewe eksternaliteite op die omgewing veroorsaak te verminder

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE kenmerke van die vraagkurwes van ’n volmaakte mark. (2)

2.1.2 Waarom verkies produsente/besighede ander markstrukture bo volmaakte mededinging? (2)

2.2 Bestudeer die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg.

**SIBANYE SE HUB WAARSKU TEEN PLATINUMMYN-WERKSVERLIESE NAMATE PRYS DAAL**



Volgens Sibanye se HUB Neal Froneman, “kan die sluiting van sommige van die mynbedrywighede wat tot verliese kan lei, nodig wees om winsgewend te bly en die meerderheid van die mynposte te behou”.

Sibanye het platinummyne in Suid-Afrika en het sowat 85 000 werkers in diens.

Alhoewel pryse vir platinummetale kan herstel, is dit onwaarskynlik dat dit die myne sal red wat slegs winsgewend was tydens rekordhoë pryse.

**[Aangepas uit *www.engineeringnews.co.za*]**

2.2.1 Identifiseer die oorsaak van werksverliese by platinummyne, volgens die artikel. (1)


2.2.2 Noem die tipe koste wat gebruik word om die sluitingspunt van ’n onderneming onder volmaakte mededinging te bepaal. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *korttermyn aanbodkurwe*. (2)

2.2.4 Hoe beïnvloed die platinumprys die afsluitingspunt besluit van platinummyne? (2)

2.2.5 Hoe kan die Sibanye-myne verseker dat hul bedrywighede voortgaan tydens ’n platinumprysineenstorting? (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer die produksie ondoeltreffende punt op die grafiek hierbo. (1)

2.3.2 Noem EEN oorsaak van produksie ondoeltreffendheid. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *pareto doeltreffendheid*. (2)

2.3.4 Verduidelik waarom allokasie ondoeltreffendheid tot die vermindering in die welsyn van verbruikers lei. (2)

2.3.5 Wat is die impak van produksie ondoeltreffendheid op die koste en mededingendheid van 'n besigheid? (4)

2.4 Verduidelik, met behulp van 'n grafiek, die afleiding van die vraagkurwe vir 'n individuele onderneming in die volmaakte mark. (8)

2.5 Hoe kan nie-markkoste, soos omgewingskoste of sosiale impak, ingesluit word wanneer 'n KVA uitgevoer word? (8)

**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE SAKE 40 PUNTE – 30 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE internasionale protokolle, oor die omgewing, tussen 1990 en 2016. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe dra toerisme by tot klimaatsverandering? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**TOERISMEPROGRAMME**




**[Aangepas uit *vukuzenzele.gov.za*]**

3.2.1 Identifiseer EEN geleentheid wat toerisme geskep het om entrepreneurskap in Suid-Afrika te ontwikkel. (1)


3.2.2 Noem EEN loopbaan wat verband hou met toerisme. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *transito-toeris.* (2)

3.2.4 Hoe word toerisme internasionaal deur Suid-Afrika bemark? (2)

3.2.5 Hoe kan toerisme geslagsongelykheid in Suid-Afrika verminder? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Forbesindia.com*]

3.3.1 Identifiseer die oorsaak van inflasie in die grafiek hierbo. (1)

3.3.2 Noem die tipe inflasie wat hoogs wisselvallige pryse uitsluit. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *allesomvattende inflasie.* (2)

3.3.4 Beskryf die effek van inflasie op arbeidsonrus. (2)

3.3.5 Verduidelik die effek van inflasionêre verwagtinge op produsente. (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *fiskale maatreëls* en *monetêre maatreëls* om inflasie te bekamp. (4 x 2) (8)

3.5 Wat is die impak van wisselkoerse op toerisme? (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE SAKE**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE wêrelderfenisgebiede. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe dra die onvolmaakte verdeling van inkomste en welvaart by tot markmislukkings? (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande tekenprent en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE ANDER GROEN FINANSIES**




*Labat Africa het goedkeuring ontvang om die implementering van verskeie daggaverwante produkte te bespoedig.*

**[Aangepas uit *https://cisp.cachefly.ne*]**

4.2.1 Identifiseer die instelling in die tekenprent wat met 'n volmaakte mark ooreenstem. (1)

4.2.2 Noem EEN tipe belasting wat op daggaverwante produkte gehef kan word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *markregulasies*. (2)

4.2.4 Verduidelik waarom 'n belasting op dagga kan help om oorverbruik/ misbruik te voorkom sonder enige wettige beperkings. (2)

4.2.5 Evalueer die eksternaliteite van die wettiging van dagga op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**INFLASIEDILEMMA OOR REIS EN TOERISME**

Nadat hulle tydens die koronavirus (COVID-19) pandemie deur inperkings getref is, word die bedrywe wat algemeen met die reis- en toerismesektor geassosieer word, deur wêreldwye inflasie geraak. Die ekonomiese impak van die Rusland-Oekraïne-oorlog en onderbrekings in die aanbod/voorsieningsketting het bygedra tot die stygende prys van wêreldwye maandelikse ru-olie en die styging in energie- en voedselkoste. Oor die algemeen, veroorsaak hierdie omstandighede ʼn toename in reisverwante koste en verminder die koopkrag van toeriste.

**[Aangepas uit Statista Research Department, Okt 20, 2023]**

4.3.1 Identifiseer EEN negatiewe impak van inflasie op toerisme uit die uittreksel hierbo. (1)

4.3.2 Noem EEN ander oorsaak vir die afname in toerisme behalwe inflasie. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *kulturele diversiteit.* (2)

4.3.4 Beskryf die effek van toerisme op infrastruktuurontwikkeling. (2)

4.3.5 Hoe kan inheemse kennisstelsels bydra tot die bevordering van toerisme? (2 x 2) (4)

4.4 Verduidelik hoe *prys* en *uitset* onder monopolistiese mededinging bepaal word. (8)

4.5 Hoe word plaaslike mense in gewilde toeristegebiede gemarginaliseer? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is ʼn laer-orde reaksie.<br>• ʼn Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat met die vraagonderwerp verband hou te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag in die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/ Krities bespreek/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek wat gegee is en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Assesseer/Debateer<br>**ʼn Maksimum van 8 punte mag vir opskrifte/ voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Bykomende deel:** Krities bespreek/Evalueer/Krities evalueer/ Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**ʼn Maksimum van 2 punte mag vir die blote lys van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br><br>Enige gevolgtrekking van hoër orde moet insluit:<br>• ʼn Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/ analise te versterk<br>• ʼn Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig die verskillende kort-termyn wins- en verliesmoontlikhede van die monopolie met behulp van grafieke. Verduidelik kortliks die langtermyn-ewewig sonder die gebruik van grafieke. (26)

- Waarom lei die monopolie markstruktuur dikwels tot ondoeltreffende markte? (10) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig die volgende probleme en die internasionale maatreëls wat getref is om volhoubare ontwikkeling te verseker:

  - Biodiversiteit (8 punte)
  - Chemiese afval (6 punte)
  - Klimaatsverandering (6 punte)
  - Inheemse kennis (6 punte) (26)

- Bespreek krities waarom die mark nie daarin slaag om omgewingsvolhoubaarheid te verseker nie. (10) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**